**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 11/08/2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **BEDANKINGS:**

**KERMIS:**

Op Saterdag, 5 Augustus 2023, het ons jaarlikse kermis plaasgevind. Dit was ‘n heerlike en uiters suksesvolle dag. Ons was bevoorreg om sewe verskillende skole by ons te verwelkom. Almal het die feestelike atmosfeer baie geniet. Graag wil ons die volgende bedankings doen:

***** OOV wat onderleiding van mev. Charleen Botha vir die stalletjies verandwoordelik was. Die stalletjies het pragtig gelyk en ons besef daar het baie ure se beplanning ingegaan. Die produkte was van hoogstaande gehalte en daar was iets vir elke smaak. Die 12-klasverteenwoordigers het hulle uitstekend van hul taak gekwyt. Julle is ‘n staatmakerspan.
*****Dankie aan elke ouer wat ‘n finansiële bydrae gemaak het.
*****Dankie aan elke ouer wat so hard in die stalletjies gewerk het.
*****Dankie aan elke persoon wat as skeidsregter opgetree het.

Sonder hierdie rolspelers sou ons dag nie kon plaasvind nie.

2. **Karoo to Coast – fietswedren: 24 September 2023:**

Hierdie is weer ‘n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak mev. Daleen Strydom by 042 9402775 of stuur ‘n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

3. **Finansies:**

- Skoolfondsrekeninge betaalbaar.
- Daar is steeds kopieerkoste-/skryfbehoeftegeld uitstaande.

4. **ATKV-Tienertoneel:**

Ons wil graag die tienertoneelgroep gelukwens met hul uitstekende optrede op Woensdag, 9 Augustus 2023 by “The Little Theatre”. Die finale uitslae word volgende week bekendgestel.

**TIENERTONEEL:**

Ons wil graag die volgende persone bedank vir hul bydrae met die Tienertoneel.
*Olivier Kritzinger – bou van dekor
*Christopher Kruger – Elektriese bedrading van dekor
*Otto Strydom – Verskaffing van dekor

5. **Sport:**

Op Saterdag, 5 Augustus 2023, was dit Kermis sport. Van ons hoërskoolspanne het 7's-rugby teen Glenwood gespeel.
Uitslae was as volg:

**RUGBY**:

o/7 - 1 gewen & 1 verloor
o/8 - 2 gewen
o/9 - 1 gelykop & 1 verloor
o/11-1 gewen & 1 verloor
o/13- 2 gewen
o/14 -1 verloor
o/15 -1 gelykop
o/16 -1 verloor

**NETBAL:**

o/7A- 3gewen
B- 2 verloor & 1 gewen
o/8 - 4 gewen
o/9 A- 2 gewen
B- 2 gewen
C- 1 verloor
o/10A- 2 gewen, 1 gelykop & 1 verloor
B- 1 verloor
o/11A- 4 gewen
B- 2 gewen
o/12A-3 gewen
B-1 gewen & 1 verloor
o/13A-1 gewen & 1 verloor

**BUS TYE VIR SPORT OP 12 AUGUSTUS 2023 TEEN GLA:**

| | |
|---|---|
| Misgund: | 06:00 |
| Louterwater: | 06:25 |
| Krakeel: | 06:40 |
| Skool: | 06:50 |
| Ravinia: | 07:00 |

**SKAAK:**

Ligawedstryde was gespeel op die onderstaande datums en uitslae was as volg:
7 Augustus 2023 teen Laerskool Stulting (7-1 verloor)
10 ugustus 2023 teen Graslaagte PS (7-1 verloor)

6. **<u>VCSV KAMPE VIR KWARTAAL 3:</u>**

**Gr 1-2** Kiddiekamp, Jeffreybaaikampterrein: 1-3 Sept. 2023 @ R550 [alles ingesluit] - sluitingsdatum: 24 Aug

**Gr 3-4** Provinsiale kamp, Jeffreybaaikampterrein: 18-20 Aug. 2023 @ R550 [alles ingesluit] - sluitingsdatum: 10 Aug.

**Gr 7** Provinsiale kamp, Jeffreybaaikampterrein: 11-13 Aug 2023 @ R550 – sluitingsdatum: 3 Aug.

Inligting in verband met inskrywings kan by juffrou Lieshe du Preez gekry word.

**Gr 8-12** Provinsiale kamp, Jeffreysbaai: 29 Sept. tot 3 Okt. 2023 gedurende die September skoolvakansie. Verblyf, 3 etes per dag saam met baie pret en avontuur word gewaarborg teen R950. Sluitingsdatum: 18 September 2023

Inligting in verband met inskrywing kan by mnr. Johan Schlechter gekry word.



C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

0McLachlan Internet Fasiliteit